HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

GEDRAGSKODE VIR OUERS/VOOGDE EN LEERDERS

Inhoud

Inleiding 2

Uiteensetting van die beginsels van die gedragskode: 3

1. Wedersydse respek vir ander persone en hul besittings. 3
2. Die reg op kwaliteit onderwys binne ‘n veilige omgewing. 3
3. Die skep van ‘n gedissiplineerde omgewing waarbinne die kultuur van leer en onderrig volhoubaar is. 4
4. Die reg op waardige, regverdige en gelyke behandeling. 5
5. Die skool se Christelike beginsels sal gerespekteer word. 5
6. Die primêre verantwoordelikheid van ‘n leerder se gedrag lê by die ouer 6

GEDRAGSKODE VIR OUERS/VOOGDE EN LEERDERS

Inleiding

Die gedragskode van Martie du Plessis skool is gebaseer op die volgende kernwaardes:

- Respek
- Integriteit
- Verantwoordelikheid
- Omgee

Die doel van hierdie gedragskode is om bogenoemde waardes te gebruik en in te boesem deur:

- die morele en dissiplinêre ontwikkeling van elke leerder te bevorder, en;
- om te verseker dat onderrig op ‘n ordelike wyse geskied.

Alle ouers/voogde en leerders is dus gebonde aan hierdie reëls.

Dit is dus noodsaaklik dat elke ouer/voog en leerder die volgende moet doen:

1. Die inhoud van die dokument ken.
2. Weet dat die oortreding of verontagsaming van die reëls kan lei tot dissiplinêre optrede soos bepaal deur die skoolhoof en die skoolbestuurspan.
3. Verseker dat die goeie naam van Martie du Plessis te alle tye hoog gehou word.

GEDRAGSKODE – BEGINSELS

Die gedragskode is gebaseer op die volgende beginsels, nl.:

Wedersydse respek vir ander persone en hul besittings.

Die reg op kwaliteit onderwys binne ‘n veilige omgewing.

Die skep van ‘n gedissiplineerde omgewing waarbinne die kultuur van leer en onderrig volhoubaar is.

Die reg op waardige, regverdige en gelyke behandeling.

Respek vir die skool se Christelike beginsels.

Die uiteindelike verantwoordelikheid vir ‘n leerder se gedrag berus by die ouer.

Hieruit volg:

1. Geen leerder of ouer (voog) sal vrygestel word van die aanvaarding van hierdie gedragskode nie.
2. ‘n Onderwyser by die skool beskik oor dieselfde regte as ‘n ouer om ‘n leerder te dissiplineer volgens die gedragskode gedurende die tyd dat ‘n leerder op die skoolgronde is, of saam met die skool ‘n uitstappie onderneem.
3. Die skoolhoof of opvoeder het die wettige reg (indien daar redelike vermoede bestaan) om ‘n leerder te laat deursoek vir enige verbode artikels in sy besit.

Uiteensetting van die beginsels van die gedragskode:

1. Wedersydse respek vir ander persone en hul besittings.

Toepassing:

- Geen diskriminasie t.o.v. enige persoon se ras, geloof, taal, geslag en kultuur sal geduld word nie.
- Geen “boelie”- gedrag, verbaal of nie-verbaal, sal geduld word nie en mag wetlike optredes tot gevolg hê.
- Geen dreigemente mag teenoor iemand gemaak word nie.
- Diefstal of vandalisme van ander persone se eiendom of die skooleiendom sal nie geduld word nie en stappe sal geneem word om kostes wat aangegaan is te verhaal.
- Ander se opinie is ook belangrik. Jy mag nie jou opinie op iemand afdwing nie.

2. Die reg op kwaliteit onderwys binne ‘n veilige omgewing.

Toepassing:

- Die leerder het die reg om beskerm te word binne die skoolgronde, daarom sal enige spel of aktiwiteit wat ander se veiligheid in gedrang bring, verbode wees.
- Alle “projektiele” is verbode.
- Leerders mag nie op verbode terreine beweeg nie (die verbode terreine word deeglik aan die leerders deurgegee).
- Geen wapens of gevaarlike voorwerpe (ook tradisioneel) word op skoolgronde toegelaat nie en kan onmiddellik gekonfiskeer word.
- Onderwys moet van ‘n hoë gehalte wees ooreenkomstig departementele voorskrifte.

Om kwaliteit onderwys te verseker, is die volgende van belang:

- Geen leerder mag ontwrigtend optree in klasse en sodoende ander leerders se onderriggeleentheid ontneem nie (Hierdie reg tot onderrig word deur die Grondwet beskerm).
- Leerders mag nie laat kom vir klasse nie, moet hulle boeke by hulle hê en huiswerk moet gedoen wees.
- Geen leerder mag die skoolgronde verlaat sonder die nodige toestemming nie.
- Geen leerder mag stokkiesdraai of klas “bunk” nie.
- Leerders mag nie vroeër met vakansie gaan of vakansie neem in die kwartaal nie – dit is teen die beleid van die Onderwysdepartement.
- Leerders wat langer as 10 aaneenlopende skooldae sonder grondige verskoning van die skool wegbly, se naam word outomaties van die Departement se register verwyder.
- Alle leerders tussen die ouderdom van 7-15 jaar word wetlik verplig om skool by te woon.
- Leerders moet ‘n mediese sertifikaat toon indien hulle tydens formele assesserings (toetse en eksamens) afwesig is. Indien geen mediese sertifikaat verskaf kan word nie, sal die leerder nul (0) ontvang vir die betrokke assessering (sien die assesseringsbeleid vir ‘n meer gedetailleerde uiteensetting).
- Leerders moet alle redelike versoeke wat deur ‘n opvoeder gegee word, uitvoer. Dit sluit die doen van huiswerk in.

3. Die skep van ‘n gedissiplineerde omgewing waarbinne die kultuur van leer en onderrig volhoubaar is.

Toepassing:

- Geen leerder mag die skool of ander se eiendom beskadig nie.
- Geen onbehoorlike gedrag sal geduld word nie, bv. (maar nie beperk tot) vloek, baklei, boeliegedrag, rassisme, haatspraak, steel, leuens, pornografie, perversiteit en of seksuele dade, vandalisme, substansgebruik of immorele gedrag.
- Geen aanstootlike graffiti of plakkers mag op boektasse wees nie. Geen sigbare tatoeërmerke word toegelaat nie.
- Die skool kan geen verantwoordelikheid aanvaar vir selfone wat beskadig of gesteel word op die perseel nie.

  - Geen leerder mag in besit wees van ‘n selfoon tydens toetse of eksamens nie.

  - Alle selfone moet ten alle tye afgeskakel wees tydens skoolure (07:25 - 13:45).

  - Oorfone mag nie in leerders se ore wees nie.

  - Leerders wat nie die selfoonreëls nakom nie, moet hulle selfone of oorfone inhandig en dit word in 'n koevert geplaas en in die kluis te gebêre. Dit mag eers teruggegee word sodra die ouer/voog die selfoon/oorfone kom uitteken.

- Leerders mag nie in klasse eet, drink of kougom kou nie.

Die volgende word as ernstige oortredings beskou en sal as sodanig hanteer word:

- Die gebruik, verkoop of in besit wees van dwelms, alkohol, pornografiese of satanistiese materiaal.
- Vandalisme
- Rook
- Brandstigting
- Verkragting, seksuele teistering, onsedelike aanranding.
- Aanranding met die doel om ernstig te beseer.
- Aanranding, uittarting of dreig van ‘n opvoeder / leerder.
- Ernstige intimidasie van personeel/leerder.
- Rassisme
- Haatspraak
- Roof of diefstal.
- Die besit van gevaarlike wapens of voorwerpe (dus ‘n wapen wat gebruik kan word om liggaamlike leed aan te doen).
- Onder die invloed van drank of dwelms op die skoolgronde.
- Die diefstal van toets- of eksamenvraestelle en/of die verkoop van sulke vraestelle.
- Afkyk of afskryf tydens toetse of eksamens.
- Herhaaldelike wangedrag of oortredings.

Die oorgrote meerderheid van bogenoemde mag die betrokkenheid van die SAPD of moontlike wetlike optrede tot gevolg hê.

4. Die reg op waardige, regverdige en gelyke behandeling.

Toepassing:

- Leerders mag op geen manier verneder word, of ander persone verneder nie.
- Alle leerders is geregtig daarop om regverdig behandel te word, dus het die leerder ‘n reg tot ‘n opinie of om sy saak te stel.
- Op geen manier mag daar teenoor ‘n leerder gediskrimineer word nie.

5. Die skool se Christelike beginsels sal gerespekteer word.

Toepassing:

- Leerders wat tot die skool toegelaat word, moet aanvaar dat dit ‘n skool is met ‘n sterk Christelike etos en hulle moet dit respekteer.

- Leerders wat nie met die Christelike geloof kan identifiseer nie, kan ‘n skriftelike versoek aan die Skoolhoof en Beheerliggaam rig om nie die saalopening of die opening vroegoggend in die klasse by te woon nie.
- Gebruike of gewoontes wat kultureel of godsdienstig van aard is en buite die skoolreëls val, sal oorweeg word indien skriftelike vergunning van die beheerliggaam gevra en verkry word.

6. Die primêre verantwoordelikheid van ‘n leerder se gedrag lê by die ouer

Toepassing:

- Ouers/voogde moet die skool ondersteun en leerders aanmoedig om die gedragskode na te kom.
- Ouers/voogde moet mede-verantwoordelikheid aanvaar vir die gedrag van hul kinders.
- Ouers moet ‘n aktiewe belangstelling toon in hul kinders se skoolaktiwiteite.